LAERSKOOL BEAUMONT

Liewe Ouers 30 September 2011

1. UIT DIE KANTOOR

'n Mens kan skaars glo dat die derde kwartaal reeds tot 'n einde gekom het en dit kon nie op 'n hoër noot as die Prinses Roselyn Operetta geëindig het nie. Die Rugby Wêreldbeker is ook in volle swang en ons vertrou dat die 'Bokke' tot die finaal sal deurdring!

Die personeel by Beaumont moet beslis gekomplimenteer word. Dit is gerusstellend om te weet dat Beaumont sulke pligsgetroue en toegewyde opvoeders het, wat ten spyte van al die ekstra verwagtinge, nog steeds bereid is om so baie van hul tyd en energie tot voordeel van ons leerders aan te wend.

Die leerders het ook in baie opsigte uitgeblink en verdien spesiale vermelding vir hul uitstaande pogings. Ons vertrou dat die leerders wat nie hierdie kwartaal goeie resultate behaal het nie, volgende kwartaal 'n daadwerklike poging sal aanwend t.o.v. hul werk sodat werk wat gelewer word, 'n weerspieëling van hul werklike potensiaal is.

Bouwerk

Die bouwerk is goed op koers en vordering kan elke dag gesien word. Die personeelkamer is in drie dele ingedeel en sal die klerewinkel, finansies- en administrasiekantoor vir die volgende paar maande huisves. My kantoor sal Mr Kets se huidige kantoor wees tydens die boufase. Die 4 nuwe opslaanklaskamers sal aan die begin van die vierde kwartaal gereed wees. Aanwysings sal voorsien word en die ENIGSTE ingang tot die "nuwe admin blok" sal deur die hoofingang van die voorportaal wees. Die sportkantoor is agter in die skoolsaal in die huidige apparaat-stoorkamer, terwyl die remediërende departement in lokale op die 2de en 3de vloere van die skool gehuisves sal word. Let wel dat die syingang na die Graad 1 klasse, asook die hoofingang na die skoolgebou, vanaf 10 Oktober gesluit sal wees as gevolg van bouwerk aan hierdie deel van die gebou. Die ingang na die skoolgronde sal egter nog oop wees vir leerders en ouers, maar 'n gebied van omtrent 4 meter van die hoofgebou sal afgeskort word om veiligheidsredes terwyl bouwerk aan die gang is. Die opslaanklasse in die deel tussen die skoolsaal en die drieverdiepinggebou wat die 1E1-1E4 klasse sal huisves, sal teen 11 Oktober gereed wees. Hierdie leerders sal die sydeur by die opsigter se kantooor moet gebruik (ons het reeds vir hulle die roete uitgewys) om by hulle tydelike klaskamers uit te kom. Ons vra om verskoning vir enige ongerief, maar gelukkig is dit tydelik en tot voordeel van die skool op die lange duur.

Die dak van die swembad is klaar, maar ons is effens agter skedule ten opsigte van die sitplekke en plaveisel as gevolg van die reënweer. Hierdie projek sal hopelik teen die aanvang van die 4de kwartaal klaar wees. Hou die webtuiste dop vir foto's van die verwikkelings. Ons sal u op hoogte hou van die vordering wat gemaak is.

2. PRINSES ROSELYN OPERETTA

Beaumont kan met reg trots voel op die Gr R - 4 leerders vir hul briljante poging om 'n produksie van so 'n hoë standaard aan te bied. Dit is moontlik gemaak danksy die saamgestelde pogings van alle rolspelers. 'n Spesiale woord van dank aan mev Bester (Gr 2 opvoeder), alle personeellede en ouers vir hul bystand op soveel verskillende maniere, borgskappe en laastens aan die Graad R - 4 leerders vir die harde werk ter voorbereiding van die pragtige operetta. Die menigte eposse, telefoonoproepe en persoonlike kommentaar is bewys van besondere vertonings deur alle rolspelers. Ons is baie trots op wat in so 'n kort tydjie bereik is. Welgedaan aan almal!

CD's teen R30 en aandenkingsprogramme teen R10 is beskikbaar by die finansiële kantoor. DVD's van die konsert sal volgende kwartaal beskikbaar wees teen R80.

3. BEGROTINGSVERGADERING T.O.V 2012 SKOOLGELDE

U word daaraan herinner dat die Beheerliggaam die voorgestelde begroting vir 2012 op **Maandag 24 Oktober 2011 om 19:00** in die skoolsaal gaan bespreek. 'n Kennisgewing in hierdie verband is vroeër huis toe gestuur en ons sal dit

waardeer indien die uitstaande afskeurstrokies so gou as moontlik aan die begin van die vierde kwartaal teruggestuur word skool toe.

U teenwoordigheid sal waardeer word.

4. SKOOLDRAG

Somer skooldrag

Leerders sal toegelaat word om hul somer skooldrag vanaf die eerste dag van volgende kwartaal te dra, indien die weer dit sou toelaat. Die meisies se skorts is verpligtend vir Graad 1 - 5 vir 2012 en opsioneel vir Graad 6 en 7. Leerders moet nog die kortbroeke dra vir LO en sport. LO moulose hemde is verpligtend vir Grade 1 - 7. Die klerebank is oop elke **Dinsdag en Donderdag van 13:00 - 14:30.** Let wel dat die nuwe tydelike lokaal 'n deel van die skool se personeelkamer is. Beaumont-pette vir die warm somerdae is ook by die klerewinkel beskikbaar. Ons wil u ook vriendelik vra om u kind se tekkies gedurende die vakansie goed skoon te maak, aangesien 'n paar van ons leerders met baie vuil tekkies rondloop. U samewerking in hierdie verband word opreg waardeer. Ons nader nou vinnig die einde van die jaar en wil u daaraan herinner om vroegtydig u aankope van skoolklere vir 2012 te doen.

5. BEAUMONT GHOLFDAG

Beaumont se jaarlikse Gholfdag sal op **Vrydag 7 Oktober 2011 by die Erinvale Gholfklub plaasvind.** Ons wil u almal vriendelik vra om die skool op hierdie betrokke dag te ondersteun. Die koste is R1 250 per twee-bal of R2 500 per vier-bal. Pryse of die borgskap van 'n putjie sal waardeer word. Kontak asseblief vir mev. Kate Uys by 083 257 0555 of (021) 847-1498 of epos: kateuys@iburst.co.za indien u 'n bydrae kan maak.

6. BUITEMUURSE PROGRAM

Daar sal geen buitemuurse aktiwiteite op Maandag 10 Oktober 2011 plaasvind nie a.g.v. 'n personeelvergadering. Die program begin amptelik op Dinsdag 11 Oktober 2011.

Die ouer-kwartaalbeplanner vir die vierde kwartaal word saam met u kind se rapport huis toe gestuur. Ons glo dat dié inligting u sal help om u eie beplanning te doen. Aangesien ons nog wag vir die bevestiging van datums vanaf verskeie instansies, sal ons enige nuwe datums gedurende die nuwe kwartaal onder u aandag bring. U word daaraan herinner dat die nuusbrief op die skool se webtuiste, naamlik www.beaumont4u.co.za verskyn.

7. LAERSKOOL BEAUMONT BYWONING 2012

Dit is vir ons noodsaaklik om te weet hoeveel leerders die skool aan die einde van die jaar gaan verlaat sodat ons die aanvaarding van leerders vir 2012 kan finaliseer. Ons sal dit waardeer indien u die sekretaresses skriftelik daarvan in kennis kan stel of u kan 'n e-pos stuur aan mev. Suart by karin@beaumont4u.co.za indien u kind Beaumont verlaat. U ondersteuning in hierdie verband sal vir ons van groot hulp wees.

8. EKO NUUS

HERWINNING

'n Groot dankie aan almal vir die grootse poging hierdie kwartaal en 'n GROOT dankie aan al ons Groenspan vir al hul harde werk en toewyding hierdie kwartaal op donker, nat en koue oggende! Geniet die kort blaaskans!

9. SANDWICH DRIVE

Dankie vir u volgehoue ondersteuning met die toebroodjies elke Vrydag, wat dit moontlik maak om toebroodjies aan Laerskool Macassar te voorsien.

10. SPORTSPOGHOEKIE

Tennis

Baie geluk aan Cindy Dorrington en Daniel du Toit wat die KFC tennistoernooi gewen het.

Sokker

Beaumont het Somerset House 3-1 geklop in ekstra tyd om die heel eerste Helderberg Laerskool Liga te wen. Die spelers was baie opgewonde en ouers het al die aksie van die kantlyn geniet. Ons is baie trots op elkeen van die spelers wat hard gespeel het om hierdie wedstryd te wen.

Branderplankry
Adin Masencamp is gekies as die eerste gekeurde in die o/13 afdeling om sy provinsie te verteenwoordig by die 2011 SA Junior Kampioenskappe. Mooi so Adin!

Karate
Die volgende leerders is gekies om deel te neem aan die SA Shotokan Akademie kampioenskappe in Uitenhage: Callum Forrester (rooi), Michael Pentz (pers), Chad Marock (pers), Mikayla Forrester (pers), Franze Lotter (blou) en Sean Stoltz (oranje). Baie sterkte!

11. BEAUMONT HET TALENT!

Die Graad 4-7 leerders by Beaumont sal die geleentheid hê om hul talente op 5 Desember 2011 ten toon te stel. Maak gerus 'n aantekening hiervan in u dagboek – dit belowe om 'n aand vol verrassings te wees!

12. BELANGRIKE DATUMS

Maandag 10 Oktober	: Skool heropen om 08:00
Dinsdag 11 Oktober	: Somer buitemuurse program begin
Woensdag 12 Oktober	: ATKV Redenaars by Beaumont (graad 6 + 7) 19:30 – 21:30
Donderdag 13 Oktober	: Vorderingsbesprekings (genooide ouers)
	: Beaumont & Gerrie Berner Tennis Toernooi (Paarl)
Vrydag 14 Oktober	: Beaumont & Gerrie Berner Tennis Toernooi (Paarl)
	: Gr 4-7 Nasorg kamp
	: Detentsie Dag
Saterdag 15 Oktober	: Gerrie BernerTennis Toernooi (Paarl)
Maandag 17 Oktober	: Gr 5 uitstappie na Helderberg Natuurreservaat
	: Prefek werkswinkel 14:30
	: BOA vergadering 19:15
Dinsdag 18 Oktober	: WKOD Sistemiese Toetsing Graad 3 + 6
Woensdag 19 Oktober	: Gr 4 Entrepreneurskap Dag
	: Klas van 2006 Reunie
Donderdag 20 Oktober	: Netheidsinspeksie

TEN SLOTTE
Ek vertrou dat u die kort vakansie saam met u kinders sal geniet en dat hulle met hernieude energie en krag sal terugkeer om die finale kwartaal van die jaar te voltooi. Ek wens u 'n veilige rit toe indien u gedurende die vakansie gaan reis.

Vriendelike groete

G. REDDELL
SKOOLHOOF

HELDERBERG EISTEDDFOD, 2011: - PIANO SOLO / KLAVIERSOLO

Barok/Baroque

Dhania Schultz	S+
Amy Noyce	G+
Monet van Antwerpen	G

Klassiek/Classical

Dhania Schultz	G
Edward van Antwerpen	G

Romanties/Romantic

Amy Noyce	S+
Edward van Antwerpen	G+

Modern

Ciara Roberts	S+
Ava de Beer	G+
Monet van Antwerpen	G+

SOPRAANBLOKFLUIT /SOPRANO RECORDER - SOLO



Ryan Beavon	G+
Darryan Kallis	G
Lienke Frylinck	S+
Jessica Retief	S+
Jacques Mostert	S+
Jaimé Goedhals	S+

ALTBLOKFLUIT / ALT RECORDER - SOLO

Jaimé Goedhals	G

SINGING / SANG (Junior)

Solosang /Solo singing- Eie Keuse / Own choice

Elena Mitchell	G
Morgan Pitt	G+

Musiekblyspel/Musical

Elena Mitchell	G+

Kategorie Pryswenner/Category Prizewinner 2011 - Cum Laude